VOORWOORD

Hierdie boek word tans vir die tiende keer herdruk. Die eerste een was in Pietermaritzburg in 1983, die tweede in 1987, die derde in 1993, die vierde in 1995 en die vyfde in 1997 in Kempton Park. Sedertdien is dit die vierde herdruk wat tydens my bediening in Bellville verskyn. Deur die jare het die belydenisklasse dié boekie met soveel vrug gebruik dat dit nodig geword het om dit nou weer te herdruk.

Soos dit met enige boek gaan wat herdruk word, is daar in hierdie nuwe uitgawe ook uitbreidings en veranderings. Aan die einde van die handleiding is daar ’n afdeling met allerlei vrae oor die hele spektrum wat vir die katkisante as riglyn kan dien tydens hulle voorbereiding vir die aflegging van hulle geloofsbelydenis.

Die boekie is geskryf met die spesifieke doel om in Bellville gebruik te word as handleiding vir katkisante wat hulle voorberei om belydenis van geloof af te lê.

Mag die Here elkeen seën wat die boekie gebruik, sodat dit ’n hulpmiddel mag wees vir die leser om God waarlik lief te hê. Mag u deur dié boekie ook vertroud raak met die Gereformeerde leer.

My dank aan Geert van Jaarsveld vir die taalkundige en tipografiese versorging. Die Gereformeerde Kerk Bellville het hierdie handleiding uitgegee. My verdere dank aan Hein en Tracy Satlegger vir die werk wat hulle gedoen het om hierdie uitgawe moontlik te maak.

Thinus du Plessis

Bellville 2011